



God is Getrou

Het jy al ooit iets vir iemand belowe? En *hou* jy altyd jou belofte? Doen jy ook wat jy belowe het? Dalk het jy vir Mamma belowe dat jy lief sal wees. Maar dis *nie altyd maklik* om lief te wees nie. Dus as jy *stout* is, hou jy mos nie jou *belofte* nie, of hoe?

Mense *breek* hulle beloftes baie dikwels. Partykeer vergeet hulle dat hulle iets belowe het. Partykeer maak hulle beloftes wat hulle *nie kan* nakom nie.

Maar God breek *nooit* sy beloftes nie. God maak nooit 'n belofte wat Hy nie kan nakom nie. En Hy *vergeet* ook nooit nie. God se beloftes is altyd *seker*. Hy hou sy beloftes altyd. God is *getrou*.

Die Bybel vertel vir ons dat God vir die Israeliete, sy volk van baie lank gelede, belowe het dat Hy hulle na 'n nuwe land sal bring. Dit was 'n pragtige land, met huise en plase, pragtige tuine en parke en allerhande heerlike kosse om te eet.

Maar daardie land was baie ver weg. Dit was ver anderkant die groot en droë woestyn. Behalwe dit, was daar ook baie vyande, mense wat *nie wou hê* dat die Israeliete daardie land gaan kry nie. Daardie vyande het soldate gestuur om teen die Israeliete te veg.

Dit het gelyk asof God nie sy beloftes gaan kan nakom nie.

Maar God het vir sy mense in die woestyn gesorg. Hy het hulle genoeg gegee om te eet, Hy het vir hulle die pad gewys, en Hy het hulle gehelp toe hulle teen die vyand moes veg. Na 'n tyd was hulle *amper* daar. Hulle kon al die land daar oorkant die Jordaanrivier *sien*.

Maar die rivier was baie *breed en diep*. En daar was nie 'n brug nie. Nie almal kon swem nie –

klein babatjies, klein lammetjies en baie van die mense *kon nie* swem nie. Ag, nee! Dit het gelyk of hulle *nooit* in die nuwe land gaan aankom nie.

Toe het Josua, hulle leier, vir die volk gesê hulle moet gereedmaak om oor die rivier te gaan. God sal sy beloftes op 'n wonderlike manier hou.

In die oggend was hulle gereed. Josua het vir die priesters gesê hulle moet eerste gaan. Hulle het die Verbondsark gedra. Die ark het vir die volk gewys dat die Here met hulle saamtrek.

Die priesters het begin stap en al gou by die Jordaan gekom. Toe hulle in die water *instap* het die rivier skielik *ophou* stroom. Aan die een kant het die water van die priesters af *wegge-loop*. Aan die *ander* kant, ver op in die rivier, het die water soos 'n muur opgebou. God het nie toegelaat dat die rivierwater tot by die priesters sal loop nie. Nie lank nie, en die grond onder hulle voete was *droog*. Daar was 'n droë *pad* waar nounet nog rivier was!

Die priesters het ingestap tot halfpad. Daar het hulle stilgestaan. Hulle het al die mense by hulle laat verby stap. Toe die hele volk aan die ander kant kom, het die priesters ook deurgestap, laaste van almal.

So het God *al* sy mense deur die rivier laat gaan. En wat het toe gebeur? Die mense het omgekyk en daar sien hulle hoe bulder die water terug soos dit was. Die rivier was weer breed en diep! God *het* sy beloftes gehou! Hy *het* hulle anderkant die rivier gebring na die nuwe land met sy plase en parke en pragtige tuine. En Hy het daardie land weggevat van die slegte mense wat daar gewoon het, en dit gegee vir die mense wat Hom liefhet.

Gesels hieroor:

1. Was dit moeilik vir God om sy belofte aan die volk te hou?

2. Kan jy beloftes opnoem wat die HERE aan ons gemaak het?
3. Wat beteken dit om 'getrou' te wees?

God hou altyd sy beloftes, selfs as ons dink Hy doen dit nie:

"Hy wat dit beloof het, is getrou."

(Heb 10:23)

Wat ons kan lees:

Josua 21:43-45

Hierdie lied herinner ons om nooit bang te wees nie, omdat God altyd getrou is.

Eenmaal het God vir sy Israel belowe,
Hy sal hul bring na 'n land skoon en wyd,
Deur die woestyn en deur diep, donker water –
Hy is getrou – Hy trek saam altyd.

God is getrou, en sy woorde is seker
Ja, sy beloftes sal Hy altyd hou
Wat Hy beloof, sal Hy nooit meer vergeet nie
Hy's onse Vader, op Wie ons bou.

Gebed:

Onse Vader in die hemel, dit is so goed dat ons mag weet dat u getrou is en almagtig, en altyd u beloftes hou. U beloftes aan ons is so wonderlik! Amen.

Marian Schoolland

© 2018

www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*